

Die Afrikaners in Chubut (Argentinië).

(Deur Ds. J. J. WASSERFALL.)

II. Die Huidige Kerklike Posiesie.

In die vorige stuk het ons op die Afrikaners in Chubut gelet as één groep, en meer bepaald gewys op die omstandighede, waaronder hulle daar woon. Sodra ons egter op die terrein van hulle kerklik en godsdienstig lewe tree, moet ons aan hulle dink as

TWEE APARTE GEMEENTES,

behorende aan twee aparte Kerkgenootskappe, nl. die Nederduits Gereformeerde Gemeente, waartoe sowat twee-derdes van die Afrikaner bevolking dáár behoort, en die Gereformeerde Gemeente, wat uit sowat 250 siele bestaan. Dit is seker jammer dat so 'n betreklik klein getal Afrikaners in 'n vreemde land nog op kerklik gebied in twee kampe moet verdeel wees. Maar hul was maar wesenlik so verdeel, toe hul van Suid-Afrika verhuis het na Argentinië.

Ten einde nou 'n helder kyk te kan kry op die huidige kerklike posiesie, en ook duidelik te kan verstaan, hoe dit sover gekom het, is ons verplig, selfs op gevaar af van te veel te herhaal, wat Ds. Lückhoff reeds geskryf het, om hier eers weer

DIE LOOP VAN HUL GESKIEDENIS,

uit die kerklike oogpunt beskou, kortliks te skets.

Dit was in 1903, op die skip "Cornwall," dat die kern van 'n gemeente onder die emigrante vir die eerste maal gevorm was. Dit het geskied onder voorsitterskap van Ds. Vorster, Gereformeerde predikant destyds van Burgersdorp, wat op 'n tydelike besigheids besoek meegegaan het na Argentinië. Ons is Ds. Vorster dank verskuldig vir die belang wat hy gestel het in die Trekkers, en vir die praktiese hulp wat hy aan hul verleen het. Maar ons moet ook tegelykertyd daarop wys, dat hierdie eerste gemeente

'N NED. Geref. GEMEENTE

was. En hierdie eienaardige voorval, nl. dat 'n Geref. predikant 'n Nederduits Gereformeerde gemeente moes bedien, was profeties van wat nog in later jare sou gebeur met daardie uitgeweke Afrikaners in Argentinië.

'n Aantal jare na hierdie "stigting" van die N.G. gemeente het daar plaasgevind, wat ons sou kan noem die *herstigting* van dieselfde gemeente, met die aankoms in Chubut van hul eerste predikant, Ds. A. J. Jacobs, in die begin van 1907. Maar toe het die Gereformeerde minderheid ook (al was dit blykbaar maar net as 'n tydelike maatreël bedoel) aangesluit by hierdie herstigte N.G. gemeente. Op daardie ver-

gadering het die volgende besluit geval:
 "Deze vergadering, bestaande uit leden van de Gereformeerde en Ned. Gereformeerde Kerken in Zuid Afrika, wenst zich te affilieren aan de Ned. Geref. Kerk van de Kaap Kolonie, Zuid Afrika." (ek kursiveer). En ten spyte van al die foute, ook van die kant van die Moederkerk in Suid-Afrika, gedurende later jare,

IS DAARDIE AFFILIASIE NOOIT OFFISIEEL
 AFGEBREEK NIE,

altans nie deur die Moederkerk hier in Suid-Afrika nie, en ook nie deur die Ned. Geref. gemeente in Chubut nie! Of dit ooit offisieel en per behoorlike besluit deur die Geref. gemeente in Chubut gedaan is, weet ek nie; ek betwyfel dit nogtans. Hierdie feit behoort ons deurgaans in gedagte te hou; en dit sal goed wees, as diegene in die Geref. Kerk, wat vandag nog onder die verkeerde indruk is, dat die N.G. Kerk haarself in 1925 ingedring het in ander-mans kraal, hierdie feit ook in gedagte sal hou, by 'n beoordeling van die optree van N.G. kant.

Ds. Jacobs is na byna vierjarige arbeid terugkeer na Suid-Afrika; en toe is dit, dat die Moederkerk, weëns 'n eensydige voorstelling van sake, die diep betreurde fout begaan het van haar lede in Argentinië somar aan hul lot oor te laat vir 14 jaar, d.i. van 1910 tot 1924. Ek herinner my nog, hoe wyle Professor Marais en ek 'n paar jaar na Ds. Jacobs se terugkeer, daar in die ou eikelaan op Stellenbosch gesprekke gehad het oor die Afrikaners in Argentinië; en hoe hy van mening was, dat die Kerk moes voortgaan met die bearbeiding van daardie uitgewekenes, maar eintlik met die oogmerk om hulle uiteindelik terug te kry na Suid-Afrika.

Maar juis in daardie tyd het die Afrikaners in Chubut hulle tweede predikant gekry, in die persoon van

DS. A. C. SONNEVELDT, Geref.
 PREDIKANT.

Dit dien hier opgemerk te word: (1) dat dit 'n Ned. Geref. Ouderling (Br.

C. J. N. Visser) was, wat, handelende volgens opdrag van 'n Kerkraadsbesluit, vir Ds. Sonneveldt gevind het in Buenos Aires, en met hom onderhandel het; en (2) dat Ds. Sonneveldt nie tot die Suid-Afrikaanse Geref. Kerk behoort het nie; immers die Geref. Kerk van Suid-Afrika het nooit iemand gestuur, om as vaste leraar haar uitgewekene in Chubut te bearbei nie, waarskynlik omdat hul getal so gering en die koste so betreklik groot was.

Wanneer ons nou te doen kry met die

BELANGRIKE, MAAR VREEMDSOORTIGE
 ONTWIKKELING

op kerklike gebied, gedurende die twaalfjarige dienstyd van Ds. Sonneveldt, wat in Chubut beter bekend is as die tydperk van die *Samewerking*, dan word ons noodgedwonge, om ons aandag meeste aan die dominee self te wy, as die eintlike spil, waarom alles gedraai het.

Alleen die persoon, wat self daar woon, of wat self al daardie hele s.g. Boerekolonie in Chubut kon besoek, kan enigsins 'n begrip kry, van die groot en gedurige opofferinge, wat dit vir Ds. Jacobs, en veral vir Ds. Sonneveldt gekos het, om soveel jare daar te arbeid; en as ek dit sê, dan dink ek natuurlik ook aan hulle huisgesinne. Veel dank is derhalwe verskuldig aan die twee arbeiders in daardie verafgeleë deel van Gods Koninkryk; en ons gee hul die dank met ons hele hart!

Maar ongelukkig is daar nou ook

'N ANDER SY AAN DIE GESKIEDENIS;

ja, 'n ander sy, waarvan ons veel liever sou geswyg het, was dit nie, dat Ds. Sonneveldt self, en ook 'n Geref. korrespondent uit Chubut, in die laaste tyd dinge in verskillende Geref. blaaië begin skrywe het, wat bereken is, om die optree van ons N.G. Kerk in 'n totaal verkeerde lig te stel.

Die pertinente vraag is hier nou:

WAAROM EN HOE HET DIE SAMEWERKING IN 1925 GEËINDIG?

Dit word nou nog gedurig, deur verantwoordelike persone, wat tog beter behoort te weet, kortweg voorgestel, as of die N.G. Kerk somar ingegryp het, die s.g. Samewerking tussen die twee gemeentes verbreek het, en selfs die samelewing daar "verwoes" het, soos die Chubutse korrespondent, hierbo genoem, dit graag in sy geskifte voorstel. Dit is, om dit sag uit te druk, seer onjuis! Laat ons nou die vier hoof faktore, wat tot die beëindiging van die Samewerking gelei het, kortliks nagaan; en laat ons nou maar liever somar padlangs praat.

Eers let ons op:

DIE GEESTELIKE BEARBEIDING SELF.

Die Dominee het rondgegaan, op verskillende sentra in die Kolonie dienste gehou, die Woord en die Sakramente bedien, en jongeliede as lidmate aangeneem en voorgestel. Dit het hy jaar na jaar getrou gedoen, en daarvoor is almal vandag nog dankbaar. Maar dis nie die dinge, wat hy wel gedoen het, wat alleen tel nie; nee, dis die dinge wat hy *versuim* het, wat op die Afrikaner harte, altans van die Ned. Geref. kant, langsamerhand onaangename indrukke gemaak het. Waar was die persoonlike *herderlike besoek* van woning tot woning? Waar was die persoonlike *belangstelling in die kinders*, in Sondag-skoolwerk? Waarom moes die *kranke-besoek* agterweë bly, en was daar nooit, of byna nooit, *bidure* gehou nie? Waarom was daar, na die vertrek van Ds. Jacobs, nooit 'n ernstige poging aangewend nie om 'n *eie Godshuis* êrens op te rig? Dit is dinge, waarin die Afrikaner (ek dink selfs ook die Afrikaner, wat tot die Geref. Kerk behoort) verwag, dat sy predikant die voortou sal neem. Miskien wis Ds. Sonneveldt, as Hollander, nie van hierdie beskouinge van die Afrikaner omtrent geestelike bearbeiding nie; maar sou die kerkrade van die twee gemeentes dan nooit in al daardie jare sulke dinge voor die

dominee se aandag gebring het nie?
Laat ons vervolgens let op

DIE MANIER VAN KERKREGERING.

Hul was twee gemeentes, behorende aan twee aparte Kerkgenootskappe (N.G. en G.) — dus nog steeds die handhawing van daardie oorspronklike "affiliasie" beskouing. Elke gemeente had sy eie kerkraad. Eienaardig is dit egter, dat hoewel die N.G. gemeente *veel meer lede* getel het as die Geref. gemeente, albei kerkrade nogtans ewe groot in getal was. Ds. Sonneveldt was predikant van albei gemeentes, werd deur albei gesalarieer, en het twee aparte Doop- en Lidmate-registers vir die twee gemeentes aangehou. Die twee kerkrade het ewewel gesamentlike, of, soos dit dáár genoem was: "Gekombineerde" vergaderinge gehou, waarvan die dominee voorsitter was. Dit klink al 'n bietjie vreemd, maar kon darem op 'n manier prakties werk, mits so 'n ooreenkoms stip en getrou gehandhaaf werd. Maar wat vind ons in die notule van daardie "Gekombineerde" vergaderinge? Daar word, sonder te blik of te bloos, herhaaldelik vergadering gehou, met 'n volstreekte meerderheid van Geref. Kerkraadslede, en so 'n minderheid van N.G. Kerkraadslede, dat hulle *nie eens 'n kworum* in 'n eie aparte N.G. kerkraadsvergadering sou kon vorm nie; en dan word daar besluite geneem, wat bindend geag word vir albei gemeentes! Op die Sierra Victoria, in die woning van ou Oom Piet Kruger, oud-N.G. Ouderling, hang daar 'n portret van presies so 'n saamgestelde vergadering, wat nou die hele rigting van sake in beeld beter uitdruk, as wat ons dit hier in woorde kan skilder. Daar word mooi netjies op so 'n eensydige, oorwegend Geref. kerkraadsvergadering besluit, om die gemeente (die notule sê nie watter gemeente nie; Ds. Sonneveldt weet vandag blykbaar self nie watter een nie; en dit kom daar eintlik ook nie hier veel op aan watter een nie!) aan te sluit by die Geref. Ring van Buenos Aires.

Hierdie en dergelike dinge het as van-
self gelei tot

DIE VERSOEKING OM OUTOKRATIES TE HANDEL.

Leser, as 'n man knap, talentvol, en welsprekend is; as hy te doen het met medewerkers, waarvan die meeste vroeër nooit veel ondervinding in kerklike aangeleenthede gehad het nie; as hy sterk van persoonlikheid is; as hy bemerk, dat hy hoe langer hoe meer, met behulp van die verteenwoordigers van sy eie kerklike oortuiging, (in hierdie geval die Gereformeerde), sy sin kan kry teenoor die anderkant, (in hierdie geval die N.G. gemeente), wat eintlik verreweg die meerderheid vorm; as hy merk, hoe gedwee die meerderheid hul maar steeds onderwerp aan die minderheid; as hy selde of nooit nodig het, om tot in die kleinste besonderhede van sy handelwyse voor Ring of Sinode rekening te gee nie, of die kans kry, om met sy gelykes in roeping en in bekwaamheid op gereelde tye te konfereer nie, en alsó die skerp punte in sy geaardheid 'n bietjie af te rond nie; dan word die versoeking, om outokraties op te tree, om te dikteer, om eie regte te gebruik, om selfs in gesamentlike godsdiens oefeninge van Geref. en Ned. Ger. nie meer van die N.G. kant se geliefde Evangeliese Gesange te laat sing nie, tog al te sterk; en dan beswyk die "sterk" man soms vir die "sterker" versoeking, en ons sien 'n herhaling van die ou bekende waarheid, dat die sterkste ketting nog maar net so sterk is, as sy swakste skakel! Laat ons hier liever nie te hard oordeel oor ons Broeder in die Bediening nie; "die meent te staan, zie toe, dat hij niet valle!"

Om alles te kroon volg toe

DIE LERAAR SE LANGDURIGE AFWESIGHEID.

Ds. Sonneveldt het verlof gekry in 1922, om 'n jaar lank op rustyd te gaan, met behoud van salaris. Dit was ook nie die eerste maal dat hy lang verlof gekry

het van die kerkrade nie. Nou kan ons verstaan, dat dit vir hom, as Hollander, 'n drang van die hart sou wees, om so lank as moontlik in Holland (sy Vaderland) te vertoef; ook kan ons enigsins begryp, dat dit vir hom natuurlik, en miskien selfs pligmatig sou gelyk het, om hom dáár te beywer om 'n emigrasieskema vir Hollanders na Argentinië te organiseer. Maar, dat hy die verloftyd gerek het, eers na 18 maande, en toe na 2 jaar, terwyl hy darem al die tyd as leraar van die gemeentes in Chubut, met vol salaris, wens aan te bly, dit kan ons nie regverdig nie! Dit is, om die allermindste daarvan te sê, 'n ernstige oortreding van die herder teenoor die kudde, wat hy tog vrywillig aangeneem het om te versorg. Ons wil graag aanneem, dat Ds. Sonneveldt die gemeentes in Chubut werklik leer liefkry het; maar die liefde het daardie slag gefeil, en vele diep teleurgestel. As dit 'n groot fout was van die Moederkerk, om haar lidmate so lank onbearbeid te laat bly, dan was dit nog 'n growwer fout van die eintlike herder, om sy skape só lank aan hulself oor te laat.

Hier moet ek nou eers

IN BILLIKHEID TEENoor DS. SONNEVELDT

meedeel, dat hy in één van ons gesprekke aan my die versekering gegee het, dat hy, vóór sy vertrek na Holland, eers oral in die Boerekolonie aan ons Ned. Geref. mense (ek onthou nie of hy die Gereformeerdes ook genoem het nie) die kans gegee het, om te verklaar, of hul hom langer as hul predikant wou hê, of nie. Hy het aan hul naastenby as volg gesê: Broeders, die teenwoordige periode van my aanstelling, as u leraar, loop nou (einde 1922) ten einde. Is u tevrede met my diens, goed, dan kan ons verder saamwerk. Maar verkies u om 'n leraar van u eie (Ned. Geref.) Kerk te hê, nou is dit u kans.

Wel, niemand, sê Ds. Sonneveldt, het toe beswaar gemaak teen hom as leraar nie; en ek neem ook aan, dat dit werk-

lik so was, en dat hul die dominee maar nog as hul leraar sou aangehou het, *ten spyte van die onrustigheid*, wat daar by vele van hul lang reeds bestaan het. Maar nou skyn Ds. Sonneveldt twee dinge nie te begryp nie, nl. (1) dat die Afrikaner so 'n diep ingewortelde hoogagting vir die amp van die Evangeliedienaar het, dat hy liever baie onreg sal ly, voordat hy dit sal waag, om sy leraar daar op 'n openbare vergadering af te dank: miskien het die dominee, as Hollander, die Afrikaners nog nie op hierdie punt goed begryp nie! (2) Die vir die Afrikaners onregverdigbaar lang afwesigheid van die dominee, na bogemelde voorstel van hom, was eintlik die laaste strooi, wat die kameel: "vertroue" se rug gebreek het.

Dit is vir ons dus heeltemal verstaanbaar, dat nie alleen die woelige ou Oom Tjaart v. d. Walt, maar ook ander voor- aanstaande lede van die N.G. gemeente hulself opnuut gewend het na die Moederkerk in Suid-Afrika in 1924, 'n handelwyse waarvan hulle ook sonder ver- wyl aan Ds. Sonneveldt kennis gegee het. Hier sien ons nogeens, hoedat daar- die ou uitgesproke affiliasie aan die N.G. Kerk van Suid-Afrika nog steeds as 'n werklikheid geleef het in die harte van die mees intelligente onder ons mense in Chubut.

Maar wat het die Sinode van die Moederkerk toe gedoen in antwoord op daardie smeekstem uit Chubut? Het sy somar roekeloos ingegryp in die goed- reg van andere? Het sy werklik so verwoestend opgetree, soos vandag voor- gestel word in die meergemelde korres- pondensie uit Chubut? Nee, te veel respek had sy vir haarself, vir haar Susterkerk, en veral vir haar Heer, as om so iets te doen. Die Sinode het, deur bemiddeling van haar Alg. Armsorg Kommissie, en byname deur Ds. A. D. Lückhoff as haar offisiële verteenwoor- diger in hierdie saak,

EERS 'N GRONDIGE ONDERSOEK INGESTEL.

Ek weet, dat Ds. Sonneveldt en 'n paar leidsliede van Geref. kant in Chubut

baie teleurgestel was, omdat Ds. Lückhoff nie onder begeleiding alleenlik van *Gereformeerdes* die Boerekolonie deur- gegaan het nie. Deur so 'n plan behoort 'n kind egter te kan sien!

Ds. Sonneveldt het my ook self gesê, dat Ds. Lückhoff kort na sy aankoms verklaar het, "dat daar voortaan geen sprake van samewerking tussen die twee gemeentes meer kan wees nie." Later het ek ontdek, dat die dominee blyk- baar vergeet het om te sê, dat Ds. Lückhoff verklaar het: "dat daar voortaan geen sprake van samewerking *op die- selfde ou basis van vroeër* tussen die twee gemeentes meer kon wees nie." Wat 'n hemelsbreë onderskeid!!

Nee, eers het Ds. Lückhoff alles nou- keurig ondersoek, en nadat hy die hele posiesie reg begryp het, het hy met die eenparige stemme van die Ned. Geref. gemeente na die verteenwoordigers van die Geref. gemeente (Ds. Sonneveldt inkluis) gegaan

MET DIE AANBOD VAN VERDER SAME- WERKING,

alleenlik op 'n beter, gesonder, en vir albei kante aanneemliker basis! Al die voorstelle van N.G. kant was so billik soos 'n mens ooit onder omstandighede kon verwag. En wat gebeur toe?

DIE GEREFORMEERDE KERKRAAD BESLUIT OM DIE SAMEWERKING TE EINDIG!

Dit was op 6 Nov. 1925. En daarom bestaan daar nou vandag in Chubut twee aparte gemeentes, sonder enige band van ooreenkoms of so iets tussen hulle. En nou behoort die N.G. ge- meente, Chubut, offisieel aan die Ned. Geref. Kerk van Suid-Afrika; sy sor- teer onder die Ring van Kaapstad; haar Konsulent vir vanjaar is die predikant van Philadelphia; die wette en bepa- linge van die Kaapse Kerk is op haar van toepassing, sover as wat haar om- standighede in daardie land dit toelaat; die bevestiging van haar kerkraadslede deur Ds. Sonneveldt tydens die Same- werking is nou deur die Sinodale Kom-

missie gekondoneer en erken, sodat hulle die volle regte van lede van die breë kerkraad mag geniet; die gemeente word voorlopig uit die Hulpbehoewende Gem. Fonds ondersteun; en reeds is daar al 'n kerkgeboutjie op 'n stuk kerkeiendomsgrond opgerig.

Tot watter Kerk, Sinode of Ring die Gereformeerde gemeente in Chubut vandag eintlik behoort, weet ek nie met sekerheid nie; of hulle dit self reeds met sekerheid weet, kan ek ook nie sê nie.

Hoe dit ook sy, daar staan die twee gemeentes nou naasmekaar in die vreemde; en

ALBEI GEMEENTES IS NOG MAAR SWAK.

Die Geref. gemeente word wel nog bearbei deur Ds. Sonneveldt; maar reeds vóór die offisiële beëindiging van die "Samewerking" het hy besluit, om in die hoofstad, Buenos Aires, ruim 1,000 myl ver van die Boerekolonie, te gaan woon. Daar woon hy nou, en bearbei hy 'n Geref. gemeente van Hollanders in die stad. Ook besoek hy vandaar 'n paar ander Geref. gemeentes (ook van Hollanders) in ander dele van die land. En dan doen hy sy bes om tweemaal per jaar die Afrikaner Gereformeerdes in Chubut 'n vlugtige besoek te bring. Dis 'n reusetaak om 4 of 5 gemeentes so te bedien; die reiskoste, veral na Chubut, beloop jaar vir jaar 'n hoë som; en dan nog moet die bediening, uit die aard van die saak, in vele opsigte onbevredigend wes. Hoe lank hy dit, sonder hulp van meer arbeiders, sal kan volhou, weet ek nie. Ek voel egter, dat sy taak geen gemaklike, en die posiesie van die Gereformeerde gemeente onder omstandighede geen benydenswaardige is nie.

Aan die anderkant gaan dit tog nog toe met die Ned. Geref. gemeente ook maar moeilik. Daardie gemeente het, na die besoek van Ds. Lückhoff (wat 'n maand geduur het) nog maar eenmaal per jaar — dus net nog tweemaal tot nou toe, 'n besoek van 'n N.G. leraar ontvang; maar dan was dit elke keer

'n besoek, wat 'n paar maande geduur het. Tog voel almal, dat so 'n wyse van bearbeiding heeltemal te duur, en tege-lyk onbevredigend sou wees, as dit moet voortgesit word. Hierdie paar besoeke was dan ook bedoel net as 'n tydelike maatreeël, om eers die grondslae vir 'n beter toekoms te lê. Reeds is die planne om van vanjaar (1928) af 'n vaste predikant in Chubut te hê, agtermekaar; en dan sal dit beter gaan. Ook is ons N.G. Kerk deur die Argentynse Rege-ring offisieel erken, en is die nodige voorsorgsmaatreeëls getref, om kerkeiendomsgrond in daardie land te kan besit.

Met dankbaarheid kan ons hier meld, dat nou, nadat die eerste wrywing verby en misverstand uit die weg geruim is,

DIE TWEE GEMEENTES HEELTEMAL VRIENDSKAPLIK

teenoor mekaar is. Gode al die eer hier-voor! Daar mag nog 'n paar klein uitsonderinge wees; maar die gesindhede van goeie buurskap, wedersydse toena-dering, toenemende verdraagsaamheid, ens. het ons getref as die sterkste daar in die Boerekolonie. Daar het ook van begin af, soos te begrype was, huwelike van Ned. Geref. met Geref. oor en weer plaasgevind; dit het later tyd die kerklike posiesie wel in sommige opsigte moeiliker gemaak, maar het aan die anderkant ook weer meegehelp om te keer, dat die twee gemeentes nie te seer vervreemd van mekaar sou raak nie, na die beëindiging van die Samewerking. Natuurlik is daar nou vir albei gemeentes die gevaar van 'n oor-en-weer-lopery om die tug te ontglip, of om redes van gerief of persoonlike voordeel. Hier-teen sal moet gewaak word. Die Tug, wat blykens die geskiedenis maar nooit heeltemal konsiensieus in Chubut toe-gepas was nie, sal moet gehandhaaf word. Die twee kerkrade en die twee gemeentes sal mekaar se regte en gesag binne eie kring moet eerbiedig. Dit sal moeilik wees, om 'n vaste reël neer te lê vir egpare, waarvan die man aan die één Kerk, en die vrou aan die ander Kerk behoort; maar dit is seer wenslik,

42
 terwille van die goeie orde, en terwille van hul kinders, dat albei liever aan dieselfde Kerk, watter van die twee ook, sal behoort.

Het ons met dankbaarheid getuig van die vriendskaplike gesindheid van die twee gemeentes teenoor mekaar, dan moet ons ook met teleurstelling en spyt meld dat

SOMMIGE LEIDSLIEDE NOG ERG KRIEWELRIG

is, en nog die vuur aanblaas. Nie lank na my vertrek het Ds. Sonneveldt self, en 'n Geref. korrespondent, soos reeds gemeld, dinge begin skrywe in Geref. baaie, wat heeltemal 'n wanvoorstelling van die optree van die N.G. Kerk van Suid-Afrika gee. Ons Kerk word op die manier verdag gemaak by die Geref. Kerke. Persoonlike griewe word op rekening van die Kerk geplaas, en dan word van die Kerk, as sodanig, herstelling van geskonde eer geëis. Ja, die dominee het nou glad beslag gelê op die Doop en Lidmate registers van die Ned. Geref. gemeente, wat hy dan nou in die pand hou, totdat sy eer deur die N.G. Kerk herstel word; vanwaar hy hierdie idee kry van hoe te handel met andermans eiendom weet ek nie — seker nie uit die Bybel of Gereformeerde Kerkleer nie! Ek wou liever hierdie en dergelike dinge verswyg; maar daardie skrywery in die Geref. blaaië het my gedwing om *ons* kant van die waarheid ook in die lig te stel, soos die leser sal sien, as hy die moeite wil doen om "Die Kerkbode" van 11 Jan. 1928, bladsy 58 na te sien.

Ek herhaal, dat dit baie jammer is, dat veral Ds. Sonneveldt hierdie houding inneem. Waar daar van ons Ned. Geref. kant nie heeltemal reg gehandel was nie, daar is dit openlik, ja ook aan Ds. Sonneveldt erken! Almal weet van ons foute, en dat ons spyt het daaroor. Almal, wat nie met blindheid geslae is nie, kan b.v. sien, dat die N.G. Kerk nou metterdaad vergoeding doen vir haar lang versuim van 14 jaar teenoor haar uitgewekenes in Chubut. Maar

van die kant van die leidsliede van die Geref. Kerk in Chubut hoor 'n mens geen skuldbelydenis nie. Intendeel, as ek die geskifte van Ds. Sonneveldt in sy Kerkblad oor die N.G. Kerk se sondes lees, dan merk ek daarin dieselfde hoë toon, wat ek al by ander Geref. skrywers ook opgemerk het, die toon wat jou laat voel: die Ned. Geref. Kerk is wel ook 'n Protestantse Kerk, maar die Gereformeerde Kerk is *die* Kerk op aarde! Tussen hakies, ons Geref. vriende merk dit miskien nie self nie, maar dis wonderlik om te sien hoe *nou verwant* aan mekaar die idees van die Geref. Kerk en van die Rooms Katolieke Kerk is met betrekking tot hulle status op aarde, en dit terwyl hierdie twee Kerke tog wesenlik hemelsbreed van mekaar in geloof en in belydenis verskil. Selfs in Argentinië, 'n Roomse land, merk ons nou hierdie wonderlike verskynsel. Maar om nou terug te kom op ons onderwerp: Ds. Sonneveldt en die voormanne van Geref. kant kan nog veel doen vir *al* die Afrikaners in Chubut, in samewerking met die voormanne van N.G. kant, as hul net wil gee én neem, vergewe én bely!

Voor ons hierdie artikel afsluit, moet ons net nog melding maak van

DIE TWEE VROUE VERENIGINGE

wat daar bestaan. Die een is die Ned. Geref. Vroue Bond, meer of min van dieselfde aard as die A.C.V.V., en behoort uitsluitlik aan die Ned. Geref. gemeente, en staan onder toesig van die N.G. Kerkraad. Die ander is die "Christelike Vrouwen Vereniging," 'n tussenkerklike liggaam, waartoe lede van albei Kerke behoort, hoewel die meerderheid darem Geref. lede is. Hierdie twee vereniginge beoog byna op alle punte, volgens hul konstitusies, dieselfde doel, nl. te werk en fondse te versamel vir Kerk, Skool en Hospitaal. Maar dis opmerklik, dat die C.V.V. se konstitusie in Nederlands opgestel is, terwyl die van die N.G.V.B. in Afrikaans is; voorts: dat eersgenoemde haarself onder toesig van *albei* Kerkrade

probeer stel, en werk vir 'n kerkgebou vir die Afrikaners, sonder om Geref. of Ned. Geref. te noem of te sê van watter kant daardie gebou dan die eiendom sal wees; terwyl die N.G.V.B. beslis vir 'n Ned. Geref. Kerkgebou en vir N.G. belange werk. M.a.w., die C.V.V. is nog geskoei op die lees van die ou gewese mislukte Samewerkings idee, terwyl die N.G.V.B. gebore is uit die huidige posiesie van die twee gemeentes. Ek mag hier tussen hakies sê, dat daar teenswoordig so 'n tussenkerklike Sondag-skool vir Afrikaner en ander kinders ook op Comodoro Rivadavia bestaan, wat ook, net soos die C.V.V., eintlik deur Geref. leiers aan die gang gesit is. Of hierdie tussenkerklike liggame en organisasies, wat nóg vis nóg vleis is, nou miskien 'n nuwe taktiek van Geref. kant is, om darem nog N.G. mense te probeer inpalm, of om N.G. organisasies te probeer verlam, laat ek aan die oordeel van die leser oor. In enig geval is dit jammer, dat die twee Vroue Vereniginge taamlik sterk in opposiesie teenoor mekaar gestaan het: of hul nou al in 'n beter verhouding tot mekaar verkeer, weet ek nie — ek hoop so. Al die susters se hulp vir *albei* gemeentes daar is hoogs nodig; want afgesien van die kwessie van kerkgeboue, is daar die groot *onderwysprobleem*, waarby *albei kante* die grootste belang het, en is daar kort kort *krankes van albei kante* wat behoeftig is, en wat, as hul na die hospitale in die verafgeleë hoofstad moet gaan, tog geldelike ondersteuning vir die lang en duur reis moet ontvang. Van die onaangename korrespondensie tussen die twee vereniginge, en 'n kin-kel in die geldelike sake, swyg ons lie-wer; ons meen, dat dit dinge van die verledene is, en dat ons liever moet aanmoedig tot 'n beter toekoms.

Binne die kring van die Ned. Geref. Gemeente is daar nog 'n paar lede, wat tot draadsittery geneig is. Ook is daar warm bloed, wat gou oorkook, en soms ook tonge en penne, wat soos " 'n klein vuur een groten hoop houts aansteekt." Maar watter Kerk is totaal vry van

sulke verskynsels hier op aarde? En dit is juis ons roeping, om sulke gevare te bestry en sulke toestande te verhelp! Gelukkig het die groot meerderheid alreeds deur hul sware ondervindinge geleer om saam te werk. Die saamhorigheidsgevoel is nog nie so sterk, soos hy moet wees nie; maar al die materiaal en al die moontlikhede is daar, om 'n gesonde selfstandige gemeente op te bou; dit moet net onder biddend opsien tot God, en met 'n besef van algehele afhanklikheid van Sy onmisbare seën, georganiseer en gebruik word. Maar dit is die taak van die Toekoms; en daarvoor handel ons volgende artikel.

Eén ding is duidelik. uit alles wat ons in hierdie artikel meegedeel het, en dit is, dat, as die Ned. Geref. Kerk van Suid-Afrika nie gehoor gegee het aan die smeekstem om hulp uit Chubut nie, en in 1925 opgetree het, die Kerk haarself aan verder pligsversuim sou skuldig gemaak het, en die N.G. lidmate in Chubut vandag, op Kerklik gebied, in 'n betreurenswaardige toestand sou verkeer het!

Protestantisme en Katholicisme.

De kracht van een godsdienst op den loop der wereldsche dingen en in de branding van den tijd, hangt uitsluitend af van de mate waarin hij boven de wereld vermag te verheffen, zijn belijders buiten de branding weet te houden of te brengen. Het aanleggen van dezen maatstaf strekt geheel ten voordeele van het ware Protestantisme. Want aan den gestelden eisch voldoet het Katholicisme wel volkomen, maar slechts in schijn. Het stelt tegenover de wereld een tweede, ten slotte gelijksoortige wereld. Dat blijkt zelfs op het meest intieme, meest persoonlike terrein — dat der moraal. De Roomsche moraal, hoofdzakelijk en nog altijd gevormd door Jezuieten, is rekbaar, veranderlijk, in den diepsten grond wereldsch... De Katholieke moraal verzwakt het volstrekte karakter der zedewet als Gods gebod, en vervangt deze door kerkelijke plichten en godsdienstige inzettingen.

P. D. Chantepie de la Saussaye.